

## Narsiste in die kollig



Donald Trump



Madonna



# KYK TOG ASSEBLIEF VIR MY


Wat sou Kim Kardashian, Donald Trump, wyle Steve Jobs en Madonna gemeen kan hê, buiten hul geld en roem? Jy kan nie hul narsistiese trekke miskyk nie, skryf **Riette Rust** in haar jongste boek oor narsisme wat pas verskyn het

**H**oekom sou iemand drama wou studeer? het ek myself as student gevra. Om raakgesien te word, om iemand te wees, was my eerlike antwoord. Hoekom? Is daar dalk 'n verband tussen traumatiese kinderjare en die hunkering na aandag en "liefde", oftewel 'n gehoor wat hande klap, dalk selfs vir jou opstaan?

In ons eerste jaar was daar aanvanklik 16 dramastudente. Dit het my opgeval dat net twee of drie nie tragiese kinderjare gehad het nie. 'n Hele paar se ouers is jonk geskei. Een student was 'n onbeplande baba, wat "veroorzaak het" dat haar ouers "moes" trou. My oorlede pa was 'n alkoholis (later

gerehabiliteer), 'n ander dramastudent se pa het haar aangeraand en twee se ouers het hulle verwerp omdat hulle gay is. As kind wat op die een of ander manier mishandel is, voel jy liefdeloos, afgeskeep en verwerp. Maar as 'n karakter op die verhoog kan jy aan die werklikheid ontsnap en dalk, soos Tiemie in P.G. du Plessis se *Siener in die suburbs*, "van geweeet wees".


Noudat ek narsisme bestudeer het, besef ek dat daar dikwels wél 'n verband is tussen traumatiese kinderjare en 'n behoefte aan in die kollig wees. Verwerping tas jou selfbeeld aan, jy hou trouens glad nie van jouself nie. En jy't 'n vals beeld nodig om die aandag en liefde te kry waarna jy smag.



Steve Jobs



Kim & Kanye



Paris Hilton



Lance Armstrong

Die hoofstuk "Narsiste in die kollig", uit die boek *EK! EK! EK! Herken en hanteer narsiste*, is verkort met die toestemming van die skrywer, Riette Rust. Dit verskyn by LAPA (R200).

Selfs Marilyn Monroe, een van die beroemdste aktrises van alle tye, het applous nodig gehad. Haar selfvernietigende gedrag, waaronder 'n ernstige verslawing, was 'n teken dat sy haarself gehaat het. Monroe kon haar ook nie werklik tot ander mense verbind nie; haar verhoudings was almal kortstondig. Baie bekendes se gebrek aan empatie, 'n narsistiese trek wat dikwels uit hul kinderjare spruit, staan in die pad van goeie verhoudings. In haar siel was Monroe steeds 'n dogtertjie wat in verskeie kinderhuise moes woon, seksueel misbruik is, op sestien getrou en daarna verskeie aborties gehad het. Sy het nooit geweet wie haar pa is nie en haar ma was geestesversteurd. Selfs al het Monroe filmvervaardigers die horries gegee oor haar laatkommery en nie altyd haar woorde geken nie, het sy 'n onbetwiste seksualiteit uitgestraal. Dit, het sy geweet, was haar paspoort na "liefde", daarom het sy dinge gesê soos dat sy nét Chanel No. 5 bed toe dra. Sy het 'n obsessie met haar beeld gehad en links en regs vervaardigers verlei en op haar verlief gemaak.

Buiten dat baie sterre as kind getraumatiseer is, is bekendheid ook vir hulle traumaties. Hier is 'n bietjie van 'n teenstrydigheid: Hulle wil van geweeet wees en bewonder word, maar sodra dit gebeur, kan hulle dit nie hanteer nie. Hul gedrag raak vernietigend: Hulle word dalk hiperseksueel (ly aan "seksverslawing"), misbruik drank of dwelms, of toon bisarre gedrag. Dink aan die sangeres Britney Spears wat 'n haarsalon binnegestorm, 'n skeermes gegryp en self al haar hare afgeskeer het. Ander sterre wat die pad byster geraak het, sluit in Robert Downey Junior, River Phoenix, Elvis Presley, Charlie Sheen, Michael Jackson, Amy Winehouse, Shia LaBeouf en Amanda Bynes. Daar is te veel om te noem. Vernietigende gedrag is die "dwellm" wat dié sterre gekies het om hul pyn en selfhaat mee te probeer versag. Sommige kry weer aandag deur diva-agtig (en narsisties!) op te tree. Kyk

maar na hul lys versoeke: Die rock-band Van Halen vra dat al die bruin M&M's uit die lekkergoedbak in hul kledkamer verwyder moet word. Moenie Coke naby Beyoncé bring nie, maar gooi baie speserye oor haar hoenderboudjies. Sit vir Adele Marlboro Light-sigarette, 'n weggooibare aansteker en ses metaalpelels in haar kledkamer, en versier Rihanna s'n altyd met blou of swart draperings; "ysblou" chiffon moet deel daarvan wees. Baie sterre tree diva-agtig op om plek in 'n restaurant of by 'n *show* te kry . . .

Skyn die kollig van lofprysinge nie meer so sterk op 'n ster nie, soen die een somer die ander oopmond op die verhoog, soos Madonna vir Britney Spears en ook vir Christina Aguilera, of begin *twerk* soos Miley Cyrus. As jy Janet Jackson is, laat jy 'n bors uitglip en skryf dit dan aan 'n "wardrobe malfunction" toe.

Dit bring ons by die vraag: Word sterre narsisties grootgemaak of verander die kollig hulle in narsiste? 'n Studie deur die Amerikaanse skrywers (en kenners) drs. Drew Pinsky en Mark S. Young, wat in 2006 in die Amerikaanse *Journal of Research in Personality* gepubliseer is, lui jy hoef nie 'n narsis te wees om bekend te kan word nie. Tog is dit ook so dat narsiste dikwels die kollig kies om hul narsisme te voed. Indien jy reeds vele narsistiese trekke het en dan beroemd raak, kan dié gedrag net meer intens raak. Dis dan dat bekendes hotelkamers "afbreek", hul bure met eiers bestook, opgooi in die straat, paparazzi aanrand, hopeloos te veel tatoeëermerke kry of weens dronkbestuur in die tronk beland.

### BEKENDES HET DIÉ NARSISTIESE TREKKE

Natuurlik is nie almal in die vermaakbedryf narsiste of mense met narsistiese trekke nie, maar daar is genoeg voorbeelde. Daarom het Pinsky en Young die Narcissistic Personality >

Foto van Steve Jobs Gallo Images/Getty Images/Bloomberg  
Lance Armstrong Gallo Images/Getty Images/Joel Saget



< Inventory (NPI) as basis ingespan om verskillende bekendes te toets – nie vir 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring nie, maar ten opsigte van narsistiese trekke. Hierdie eienskappe was – en is waarskynlik steeds – eie aan vele sterre:

### Gesag

Die narsistiese ster dwing gesag af en kombineer dit dikwels met aggressie. Dit gaan oor mag en beheer, en dit in 'n poging om die hulpeloosheid of hopelose gevoelens wat hy as kind ervaar het, te oorkom.

Hy wil selfs sy geliefde beheer. Daarby dink hy hy is 'n kenner op 'n wye verskeidenheid gebiede. Soos Tom Cruise wat standpunt teen antidepressante ingeneem en só alle hel laat losbars het.

### Uitbuiting

Daar is bekendes wat vriendskappe aanknoop vir moontlike voordele. 'n Akteur maak dalk vriende met 'n vervaardiger in die hoop op 'n rol in sy nuwe rolprent.

Bekende narsiste buit dikwels situasies uit. As die ster 'n nag van passie buite die eg gehad het, sal hy maklik sê die vrou het hom verlei.

### Selfvoorsienendheid

Dit klink nie na 'n slegte eienskap nie, maar as hy té selfvoorsienend is, sukkel hy dalk om in 'n span te werk of dank hy dalk sy agent af. Hy glo hy kan alles self en beter doen, en sê dinge soos: “Ek is my hele besigheid, dis 'n *one-man show*.”

### Ekshibisionisme

Hulle doen enigiets om gesien te word, nie net op die verhoog of op TV nie, maar ook in hul private tyd. Soos Britney Spears wat afgeneem is terwyl sy in 'n baie kort rokkie, maar sonder broekie, uit 'n motor klim.

### Aanspraakmakerigheid

'n Bekende reken dikwels hy is op spesiale behandeling geregtig. Kry hy nie wat hy wil hê nie, of iemand anders kry dit dalk eerder, is hy jaloers, gegrief en raak hy dikwels woedend.

### Meerderwaardigheid

Jy is beter en meer spesiaal as ander en daarom verdien jy spesiale behandeling, glo narsistiese bekendes. Hulle kan ander domineer, of dreigend of gewelddadig optree. Hul meerderwaardigheid word gevoed wanneer hulle met mense moet skakel wat volgens hulle minderwaardig is. Anna Wintour, *Vogue* se Amerikaanse redakteur, het die Milaan-modeweek geskuif gekry omdat dit nie haar skedule gepas het nie. En ook vir Prada gevra om van hul ontwerp “te herinterpreteer”. Nogal!

### Ydelheid

Hy is nie net behep met homself en sy voorkoms nie, hy dink hy is besonder talentvol, selfs al is hy middelmatig. Hy oordryf sy prestasies, dit terwyl hy dalk sy studie deurgeskraap en in 'n obskure landjie geld met sy kitaar probeer verdien het.

### Dié bekendes is die ergste

Navorsing wat onder narsistiese bekendes gedoen is, is in die Amerikaanse *Journal of Research in Personality* (Oktober 2006) gepubliseer. Hier is die bevindinge:

Vermaakunstenaars is oor die algemeen 17% meer narsisties as “gewone” mense.

Anders as die algemene neiging dat mans meer narsisties as vroue is, is vroulike vermaakunstenaars oor die algemeen meer narsisties as manlikes. Veral wat betref ekshibisionisme, ydelheid en meerderwaardigheid. Voorkoms tel juis baie in Hollywood.

Deelnemers aan werklikheidsreekse is die mees narsistiese groep. Komediante behaal die tweede plek, akteurs is derde en musikante vierde.

## BEKENDE NARSISTE

Soos ons teen dié tyd weet, behoort net 'n sielkundige of psigiater 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring te diagnoseer. Maar kyk ons na die optrede van sommige oorsese bekendes, kan ons nie hul narsistiese trekke miskyk nie.



### Lance Armstrong


*Ek is 'n wenner, nie 'n verloorder nie.*

Dié wêreldberoemde Amerikaanse fietsryer het sewe keer die Tour de France gewen. Of so het ons gedink. Ná vele leuens moes hy sy opkikkergebruik erken.

Volgens Betsy Andreu, wat met Armstrong se spanmaat Frankie getroud is, is Armstrong 'n verkleurmannetjie. “Hy sal wees wat hy wil hê jy moet sien. As hy jou wil intimideer, sal hy die boelie wees; as hy wil hê jy moet sy leuen(s) glo, sal hy die hel uit jou *charm* . . .”

Dié wat suspisies was oor sy “prestasies”, is as jaloers en wraaksugtig afgemaak.

Met sy sielkundige behoefte om te wen wou die fietsryer aan sy onsekerhede en minderwaardigheid ontsnap. Dit kom uit sy traumatiese kinderjare. Sy ma was net 17 jaar oud toe hy gebore is en sy pa, na wie hy as sy “DNS-skenker” verwys, het hulle verlaat toe Armstrong net twee jaar oud was.



### Paris Hilton

*Sommige meisies word met blinkertjies in hul are gebore.*

Hilton is bekend omdat sy 'n ryk sosiale vlinder is. Tog sê sy: “Ek is baie intelligent . . . Ek het my eie parfuum bekendgestel en wil my eie hotelkettinggroep hê.”

Sy is gaande oor haarself: “Daar is niemand ter wêreld soos ek nie. Ek dink elke dekade het 'n ikoniese blondine soos Marilyn Monroe of prinses Diana en, op die oomblik, is ek daardie ikoon.”



### Steve Jobs

*My ouers het my uitgekies, daarom is ek spesiaal.*

Met sy buitengewone sjarme het hy vroue betower, maar Steve Jobs was nie verhoudingsmateriaal nie. Ná hul verhouding het Tina Redse

gesê: “Ek het besef dat om van hom (Jobs) te verwag om aangenamer en minder selfgesentreerd te wees, was soos om van 'n blinde man te verwag om te kan sien.”

Skrywer Malcolm Gladwell reken dat Jobs “heel moontlik” 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring gehad het. Gladwell het verwys na die Applebaas se narsistiese vermoë tot “splittings”: Jobs het jou óf in die “God”-kamp gesit waar hy gedink het alles wat jy doen, is briljant, óf in die kamp vir idioote waar hy op jou geskree en vir ander vertel het hoe onnosel jy is, het Gladwell vertel.

Boonop het hy gedink hy is bo reëls en regulasies verhewe. So het hy gereeld op parkeerplekke vir gestremde mense geparkeer en nooit agterna om verskoning gevra nie.



### Kim Kardashian en Kanye West

*. . . ons wil die eerste én die beste wees.*

Kim Kardashian, oftewel Kim K. van >

**ONS BRING HEILSAME SUIWEL NA DIE HART VAN ELKE GESIN!**

**MET LIEFDE GESMEER** **SMELT JOU HART**

Ladismith Kaas Maatskappy verskaf al sedert 1999 'n keurige verskeidenheid kwaliteit suiwelprodukte aan verbruikers. 'n Smullekker familie kaas- en botterprodukte is beskikbaar in supermarkte regoor Suid-Afrika. Ladismith kase en botters word geniet deur talle Suid-Afrikaanse families. Die Ladismith kaas- en botter-familie is geskik vir enige geleentheid!

**Ladismith**

Die hart van heilsame suiwel

[www.ladismithcheese.co.za](http://www.ladismithcheese.co.za)

FIREFLY ADVERTISING LS 12619-AFR-HP



< die E!-werklikheidsreeks *Keeping Up with the Kardashians*, word as die koningin van narsisme beskryf. Sy het in 2007 in die kollig beland nadat sy in 'n seksvideo "opgetree" en dit versprei is. Daarna was sy bekend vir haar wispelturige, kortstondige liefdesverhoudings. Haar mees uitstaande kenmerke is haar groot, sexy agterstewe en haar oordrewe hunkering na die kollig.

As Kim die koningin van narsisme is, is Kanye West die koning. Hy is al beskryf as die arrogantste man ter wêreld. West het homself al gelykgestel aan Walt Disney, Beethoven en Picasso. Sy grootste teleurstelling is "dat ek myself nooit regstreeks sal kan sien optree nie".



### Madonna

*Jy kan my liefhê, jy kan my verpes, maar ignoreer kan jy my nie.*

Madonna is 'n aartsnarsis wat enigiets vir aandag sal doen. Dit hang waarskynlik saam met haar verbysterende vermoë om haarself op byna 60 steeds te kan herskep . . .

Toe sy die Golden Globe vir die beste oorspronklike liedjie voor Elton John se neus wegraap, het sy haarself in haar toespraak bedank omdat sy "so wonderlik is". Sy het net twee minute lank gepraat, maar 26 keer na "ek" of "my" verwys. Elton John se man, David Furnish, het die toespraak as "embarrassing in its narcissism" beskryf.



### Donald Trump

*My vingers is lank en pragtig en, soos daar al goed gedokumenteer is, so ook verskeie ander dele van my lyf.*

Die presidensiële kandidaat Donald Trump is een van Amerika se bekendste en rykste sakemanne. Hy is 'n belegger en voorsitter en president van The Trump Organization en van Trump Entertainment Resorts.

Sy bynaam, "The Donald", sê baie, terwyl sy windverwaaide, yl hare wat goud gekleur word, sê: Of jy daarvan hou of nie, te hel met jou, dis hoe ek dit dra.

As TV-aanbieder van *The Apprentice* het hy gereken dat al die vroue op die program met hom flankeer. "Bewustelik of onbewustelik. Dit is te verwagte."

Trump is altyd die grootste en raserigste man in die vertrek. Sy luide houding spreek van skaamteloosheid en behoefteigheid (*neediness*). Tog kry hy steeds elke keer 'n trofee-vrou wat sy kinders wil hê. Dalk vir 'n reuse-erfporsie. Of vir onderhoud, want almal weet sy verhoudings hou nie. Toe een van sy gewese vroue sê 'n mens moet aan die huwelik werk, het hy

gesê: "Dis die belaglikste ding wat ek nog gehoor het."

Die Donald praat van homself in die derde persoon. Hy assosieer net met ander mense wat ook spesiaal is. Die res behandel hy bitter sleg. Trump dink ook almal wil soos hy wees. "Die ou rykes sien dalk neer op my, maar ek dink hulle soen my agterent," is een van sy sêgoed. Sy narsisme pla hom glad nie, want hy sê: "Wys my iemand sonder 'n ego en ek wys jou 'n verloorder."



### Is Oscar Pistorius 'n narsis?

Oscar Pistorius (die Paralimpiese atleet wat skuldig bevind is aan die moord op sy meisie, Reeva Steenkamp) is 'n "boelie" en "'n self-obsessiewe narsis wat net

belanggestel het in Oscar", het Gerrie Nel, die aanklaer, gesê. Dit het ons laat vra: Is Oscar Pistorius 'n narsis?

In *EK! EK! EK!* haal Riette Rust aan uit die boek *Van sprokie tot tragedie* (Penguin Books, 2014) waarin die skrywer Ilse Salzwedel die mening ingewin het van kliniese sielkundige Nellie Prinsloo, wat as deskundige getuie in hofsake ingespan word. Hoewel sy gesê het dat sy versigtig is om 'n persoonlikheidssteuring van enige aard by iemand te diagnoseer sonder om hom persoonlik te evalueer, het sy tog Pistorius se eienskappe aan die hand van narsisme bekyk. Haar bevindinge kom daarop neer dat daar nie voldoende bewyse is dat hy die eienskappe van 'n narsis het nie. (Breedvoerig bespreek in die boek.) Aan die einde van Julie 2014 het kenners ná 30 dae se evaluering van Pistorius se geestesgesondheid bevind dat "daar geen duidelike aanduidings is dat Pistorius 'n narsis met 'n persoonlikheidsversteuring of 'n psigopaat/sosiopaat met diep patologiese gebreke is nie".

**BRON:** Kort opsomming uit *EK! EK! EK! Herken en hanteer narsiste*.

Foto van Oscar Pistorius Leana Clunies-Ross



FREDERIQUE CONSTANT  
GENEVE



delight  
automatic



Gwyneth Paltrow  
supports DonorsChoose  
*live your passion*

More details on [foundation.frederiqueconstant.com](http://foundation.frederiqueconstant.com)

For further information contact  
PICOT & MOSS. 011 669 0500. [www.picotandmoss.co.za](http://www.picotandmoss.co.za)